# BOVELDER BEES STUDIEGROEP

**Kwartaal Nuusbrief**

**Uitgawe 1 | 2026**

---

Geagte Lede en Belanghebbendes,

Ons begin 2026 met trots en dankbaarheid vir die volhoubare groei en stabiliteit wat die Bovelder oor die afgelope dekades bereik het. Wat in 1978 as ’n strategiese besluit begin het, staan vandag as ’n gevestigde, funksionele composite ras wat ekonomiese waarde vir produsente lewer.

Ons fokus vir hierdie jaar bly duidelik:

- Handhawing van groepsverband
- Handhawing van genetiese stabiliteit
- Versterking van seleksie-intensiteit
- Voortgesette verbetering van ekonomiese eienskappe

Die sukses van die Bovelder lê in dissipline, data en samewerking. Ons bly verbind tot die beginsels waarop die ras gebou is — funksionaliteit, aanpasbaarheid en winsgewendheid.

Dankie vir elke lid se voorgesette verbetering van ons genepoel.

Vriendelike groete
**Paul de Bruyn**



# Waarom Genetiese Stabiliteit die Kern van Winsgewendheid is

Die Bovelder is ontwikkel as ’n Taurus–Indicus samestelling om die voordele van beide genetiese groepe te benut. Ná byna 50 jaar se gestruktureerde seleksie is die ras vandag geneties gestabiliseer.

## Wat beteken stabiliteit prakties?

- Konsekwente speenmassa
- Betroubare vrugbaarheid
- Goeie voeromset
- Aanpasbaarheid onder veldtoestande
- Lae voorkoms van erflike gebreke

## Ekonomiese Impak

Studies en interne data toon dat:

- Hoë vrugbaarheid direk gekoppel is aan kudde winsgewendheid
- Speenmassa die primêre drywer van inkomste bly
- Funksionele koeie verminder vervangingskoste

Die Bovelder is dus nie ’n ras van uiterstes nie — maar van konsekwente ekonomiese prestasie.



# Bovelders in uitdagende tye: Hoekom aanpasbaarheid saak maak

Die huidige uitdagings in die veebedryf, insluitend bek- en klouseer, plaas druk op produsente regoor die land. Beperkings op beweging, onsekerheid in die mark en verhoogde biosekuriteitsvereistes is nie maklik nie, en dit toets elke boerdery se veerkragtigheid.

Juis in sulke tye word dit duidelik hoekom **die Bovelder oor dekades heen as ’n aangepaste ras ontwikkel is**. Die fokus was nog altyd op funksionaliteit, aanpasbaarheid en doeltreffendheid onder werklike veldtoestande.

Onder Bovelder-boere sien ons dat kuddes goed bestuur word, en hulle beter stabiliteit toon in hierdie onsekere omstandighede. Mediumraam diere wat kondisie hou, toon goeie herkonsepsie, dit gee produsente ’n mate van beheer wanneer eksterne faktore buite hul hande lê.

Dit beteken nie uitdagings verdwyn nie, maar dit beteken wel dat besluite met groter sekerheid geneem kan word. Wanneer bestuur goed is, biosekuriteit toegepas word en seleksie eerlik bly, word risiko verminder en volhoubaarheid versterk.

As Bovelder Bees Studiegroep is ons grootste bate nie net die ras nie, maar **die mense daaragter**. Kennisdeling, oop gesprekke en ondersteuning binne die groep help produsente om nie geïsoleerd deur moeilike tye te beweeg nie. Deur saam te leer en verantwoordelik op te tree, bou ons nie net deur die huidige uitdagings nie, maar lê ons ook ’n sterker grondslag vir die toekoms.

# Voeding

Vanaf Maart wanneer weiding begin afneem en dit droër word, word ‘n lek wat proteien, minerale en spoorminerale aanvul aanbeveel, wat kondisie van koeie en kalwers help behou en oorgang van groen na droë gras vergemaklik.

Praat gerus met Richard Haupt of jou voedingskundige in hierdie verband.



# Bek en Klouseer

Ek wil vandag n paar feite deel en ook n openhartige versoek rig.

**<u>Feite:</u>**

- F-brand gaan nie toegedien word op diere wat positief is of enige diere wat geënt word nie
- Entings veroorsaak nie aborsies of dat diere dood gaan nie.
- Al jou diere kry nie een keer bek en klou en dit gaan verby nie. Die virus bly sirkuleer en oor n paar weke of maande word sommige diere weer siek. Dus bly jou plaas positief.
- Positiewe plase word nie "toe gemaak" nie. Plase word wel op papier onder kwarantyn geplaas wat beteken jy mag nie vrylik handel dryf en enige plek verkoop of slag nie. Ek glo almal verstaan hoekom dit so is.
- Speen kalwers van positiewe plase word wel deur voerkrale gekoop volgens entings prosedures.
- Diere mag nog steeds by geregistreerde abatoirs geslag word binne 15 dae vandat n dag 0(day 0) op jou plaas bevestig is.
- Bek en klouseer veroorsaak in heelwat diere n hoë koors wat swak konsepsies of aborsies tot gevolg kan hê.
- Bek en klouseer is nie n skande nie. Baie plase het dit of gaan dit kry.

**<u>VERSOEK:</u>**

Ek vra groot asseblief vir elke boer wat weet of dink dat hy bek en klou het om dit by sy veearts of staatkantoor aan te meld.

Indien jy vermoed of weet jou plaas is positief skakel dadelik met al die bure rondom jou, dit affekteer hulle ook en is belangrik om te weet.

Ons het elke bietjie inligting nodig om beplanning te doen hoe om hierdie siekte te probeer wen, ons kan dit nie doen as ons nie weet waar is positiewe plase nie. Blinde persoon kan nie n vuur dood slaan nie, ons voel op hierdie stadium blind as ons nie weet waar positiewe plase is nie.

Entings begin nou vinnig in kom, ons is reeds besig om saam met die staatkantoor beplanning te doen hoe ons entings gaan doen.

Ons privaat veeartse is ook besig om te registeer om te help ent.

Ek as veearts is ook ongelukkig oor die staat se hantering van die siekte.

Ek kies nou om die probleem aan te vat met alles wat ons kan gee en glo elke boer voel ook so, indien ons nie almal gaan inklim en saam werk nie kan ons nie meer langer iemand anders die skuld gee nie.

Ek wil so vinnig as moontlik ons omgewing begin herstel na meer normaal want dit is vir almal in die waardeketting ekonomies belangrik.

Hierdie is n groot spanpoging, ons kan dit nie elkeen op ons eie doen nie.

Indien daar boere is wat nog nie aangeleld het nie skakel ons sommer vandag nog asb.

Deel asb hierdie boodskap met ander boere, sodat almal n span kan word.

Dankie vir almal se ondersteuning!

### Groete

### Dr. Schalk van der Merwe

### Standerton



**Pas die volgende toe:**

- Gereelde waarneming van diere
- Verminderde stress
- Samewerking met betroubare kundiges

Deur voeding en gesondheid nou reg te bestuur, word nie net risiko verminder nie, maar word die grondslag gelê vir ’n suksesvolle volgende produksiesiklus.

# Bovelder in die praktyk: Wat ons tans op die veld sien

Soos die somerseisoen vorder en veldtoestande begin afneem, sien ons interessante patrone onder Bovelder-kuddes regoor die streek. Alhoewel die veld op plekke nog goed lyk, begin goeie bestuur en seleksie nou reeds duideliker uitstaan.

Onder kuddes waar bestuur goed is, sien ons koeie wat hul kondisie goed handhaaf. Diere wat aangepas is vir hul omgewing, toon goeie herkonsepsie en kalwers groei goed sonder tekens van onnodige stres. Hierdie kuddes ervaar minder druk.

Gereelde waarneming, evaluering en optrede bly belangrik. Kyk na jou diere, en na jou veld neem doelgerigte besluite en hou bestuur prakties.

Uitskot is ’n noodsaaklike deel van volhoubare boerdery. Elke dier wat nie by die stelsel pas nie, plaas ekstra druk op voer, finansies, bestuur en gesondheid — veral in uitdagende tye.

Deur vir aanpasbaarheid te selekteer val die volgende in plek: vrugbaarheid, raam grootte vir jou omstandighede, TKP, speengewig, ens.











# Jaarlikse Produksieveiling – Opsomming

Die afgelope veilings het weereens die markvertroue in Bovelder genetika bevestig.


**Statistiek op 2025 jaar:**

- Aantal bulle aangebied: 502
- Gemiddelde bulprys: R 92,600
- Hoogste bulprys: R 550,000
- Aantal koeie met kalwers (3 in 1): 397
- Gemiddelde prys op koeie met kalwers (3 in 1): R26,650
- Hoogste prys op koeie met kalwers (3 in 1): R55,000
- Aantal koeie met kalwers: 86
- Gemiddelde prys op koeie met kalwers: R23,750
- Hoogste prys op koeie en kalwers: R26,000
- Aantal dragtige koeie: 570
- Gemiddelde prys op dragtige koeie: R21,300
- Hoogste prys op dragtige koeie: R26,000
- Aantal dragtige verse: 473
- Gemiddelde prys op dragtige verse: R18,100
- Hoogste prys op dragtige verse: R24,000
- Aantal oop verse: 329
- Gemiddelde prys op oop verse: R15,880
- Hoogste prys op oop verse: R27,000

## Tendense:

- Sterk aanvraag na funksionele, mediumraam bulle
- Kopers fokus op vrugbaarheid en aanpasbaarheid
- Kommersiële bulle (Brandmerk B) behaal premie pryse

Hierdie resultate bevestig die ekonomiese waarde van 'n gestruktureerde seleksieprogram.



# Lid van die Kwartaal:

# Paul van Niekerk 2025 Voermol Beesboer van die jaar

Plaas: Boshoek
Distrik: Memel

## Meer oor hierdie boerdery:

- **Die Boshoek Bovelderkudde bestaan al meer as 50 jaar.**
- **Paul van Niekerk, wat al meer as 40 jaar op Boshoek tussen Verkykerskop en Memel boer, het ’n paar jaar gelede besluit om na ’n elektroniese identifikasie- en rekordhoudingstelsel vir sy beeste oor te skakel.**
- **Hoewel die Bovelder hoofsaaklik ’n kommersiële teelprojek is, het familielyne met tyd al hoe belangriker geword.**
  **Paul sê hulle doelwit is om die onderste 20% van die kudde te identifiseer, uit te skot.**
- **Hulle behou slegs die heel vrugbaarste koeie; daarom moet 70% van al die diere binne die eerste 30 tot 40 dae kalf.**

Die **Boshoek Bovelderkudde** bestaan al meer as 50 jaar. Van die staanspoor af was die korrekte identifikasie van diere vir hulle baie belangrik. As gevolg van veranderende omstandighede en strenger vereistes oor die afgelope dekade, het akkurate identifisering en rekordhouding al hoe belangriker geword.

Volgens **Paul van Niekerk,** wat al meer as 40 jaar op Boshoek tussen Verkykerskop en Memel boer, is dit die hoofrede waarom hy ’n paar jaar gelede besluit het om na ’n elektroniese identifikasie- en rekordhoudingstelsel vir sy beeste oor te skakel. ’n Ander belangrike rede, voeg hy by, is die noodsaaklikheid van naspeurbaarheid.

Paul is die voorsitter van die Bovelder Bees Studiegroep, waarvan sy pa, Connie, ’n stigterlid was. Na sy pa se afsterwe in 2004 is die kudde tussen Paul en sy broer, Dirk, verdeel. “Ons het altyd baie getrou ons beeste met oorplaatjies gemerk, maar hierdie metode is eenvoudig onbetroubaar, want die plaatjies val af. Daar is ook die risiko van menslike foute wat inglip as rekords met die hand bygehou word. Later het ons ’n kode begin gebruik waar die dier se nommer permanent in die ore deur middel van kepe aangebring is.”

**Elektroniese rekordhouding**


Die menslike faktor is egter steeds teenwoordig, en foute het steeds voorgekom. “As ‘n mens deeglik en akkuraat rekord wil hou, is betroubaarheid ononderhandelbaar. Dit het my altyd frustreer dat daar soveel foute in ons rekords was, daarom het ek besluit om radiofrekwensie-identifikasie (RFID)-oorplaatjies te gebruik, tesame met die kepe in die ore as rugsteun.”

Paul se dogter, Liana, en haar man, Charl Theron, het ’n paar jaar gelede by die boerdery van Paul en sy vrou, ook Liana, aangesluit. Charl het die saaiery oorgeneem, terwyl Liana se belangstelling by die beeste gelê het. Saam het pa en dogter gepoog om die telery na ’n hoër vlak te neem. Die oorskakeling na die elektroniese rekordhoudingstelsel was ’n belangrike stap in hierdie proses.

“Die oorskakeling was duur, want ’n elektroniese oorplaatjie kos sowat R28/stuk, ’n nuwe elektroniese skaal meer as R50 000, en die elektroniese skandeerder waarmee oorplaatjies gelees word sowat R20 000. Nietemin werk ons nou soveel makliker en alle foute is feitlik heeltemal uitgeskakel. Ons beesboerdery funksioneer op ’n ander vlak, aangesien die proses doeltreffender, makliker en vinniger geskied.”

Paul sê hy het geen ambisie om enigiets meer te wees as ’n goeie kommersiële, ekstensiewe beesprodusent nie. Hy glo dat om dit te bereik en voortdurend te verbeter, sy rekordhouding uiters noukeurig en intensief moet wees. Dis die enigste manier waarop hy streng seleksie vir die eienskappe wat vir hom belangrik is kan toepas en ook deeglike naspeurbaarheid kan bewerkstellig. Paul se boerderymetodes en filosofie het meegebring dat hy in 2025 as die beesboer van die jaar aangewys is. Tydens die geleentheid wat in Muldersdrift buite Johannesburg plaasgevind het, het hy ‘n groot deel van sy sukses toegedig aan dr At Viljoen, wie as’t ware die vader van die Bovelder is. Die ras se ontwikkeling het in 1978 begin.

*‘n Vers in die drukgang met ‘n gewone oorplaatjie, ’n elektroniese oorplaatjie en oorkepe.*




**Datadienste versterk teellyne**

Volgens Paul moet die tipe kudde waarna hulle al vir meer as 50 jaar streef, so winsgewend as moontlik wees. “Om daarin te slaag, moet ons akkurate data hê wat sinvol geïnterpreteer kan word. Daarom het ons onlangs by BKB se Decision Support Services (DSS)-diens ingeskakel. Die diens ontleed ons data en stel ons in staat om ingeligte besluite te neem wat tot beter winsgewendheid lei. Die stelsel identifiseer nie net ons meer produktiewe diere nie, maar dit lig ook areas in ons bestuur uit waar daar ruimte vir verbetering is.”



*Die bulletjie PVN22-189 weerspieël die eienskappe waarvoor Boshoek Bovelders bekend is. (Foto: André Pretorius Fotografie)*

Paul en Liana spreek groot waardering uit vir BKB se data-analis, Hannelet Jordaan, wat hulle as 'ongelooflik skerp' beskryf. "Hannelet ontleed ons rekordhoudingsprogram en verdeel die kudde ten opsigte van winsgewendheid in die boonste 20%, die volgende 20%, tot by die onderste 20%. Sy kan hierdie ontleding egter net akkuraat doen as ons betroubare data verskaf. Dit is presies waar die elektroniese rekordhoudingstelsel homself keer op keer bewys."

Daar is 'n rede waarom 'n koei in die top 20% van die kudde val, en hoewel die verskille tussen haar en die volgende 20% redelik min is, is dit steeds dié koeie wat die meeste wins genereer. "Slegs deur hulle akkuraat te identifiseer, kan 'n mens ekonomies vorentoe beweeg. As jy koeie moet uitskot sonder betroubare syfers, kan jy jou ekonomies in die voet skiet deur die verkeerde diere uit te gooi. Wanneer jy die regte diere uitskot, verbeter jou algehele gemiddeld, wat beteken dat jou kudde ekonomies verbeter. Die program maak ook jou seleksie makliker en vinniger. Jy hoef nie meer ure agter die rekenaar te spandeer om jou beste diere te identifiseer nie."

**Stambome en moederlyne**

Hoewel die Bovelder hoofsaaklik 'n kommersiële teelprojek is, het familielyne met tyd al hoe belangriker geword. Die maklike en akkurate identifisering van die lyne wat ekonomies die doeltreffendste is, is nog 'n voordeel van elektroniese rekordhouding. "Ons koop nie 'n bul as ons nie presies weet hoe sy moederlyn presteer het nie. Ons delf so ver as moontlik terug in haar stamboom, en dit kan jy net doen as jy betroubare syfers het. Die seleksie van ons eie bulle steun ook swaar op die moederlyne waaruit hulle kom. Kopers dring gereeld aan op moederlyne wat so ver as vier geslagte terug strek."

Paul sê hulle doelwit is om die onderste 20% van die kudde te identifiseer, uit te skot en sodoende die kudde so na as moontlik aan mekaar te bring wat hul ekonomiese waarde betref. “Daar moet altyd ’n balans in teling gevind word, veral ten opsigte van aanpasbaarheid in jou unieke boerdery-omgewing. Ons fokus dus minder op die verbetering van die top 20% en meer op die uitwerk van die onderste 20%.”

**Vrugbaarheid en doeltreffendheid**

Hulle behou slegs die heel vrugbaarste koeie; daarom moet 70% van al die diere binne die eerste 30 tot 40 dae kalf. Paul glo diere wat later in die dekseisoen dragtig raak, is nie die vrugbaarste nie. Eerstekalfverse loop vir 120 dae by die bul, maar slegs dié wat binne die eerste 90 dae vat, word gehou. Die gevolg van hierdie seleksieprogram is ’n herbesettingsyfer van 97% en ’n gemiddelde tussenkalfperiode of TKP van 375 dae in 2024, asook ’n speenpersentasie van 94% in 2025.

*Boshoek Bovelders gebruik data om slegs die vrugbaarste koeie in hul kudde te behou.*

Die gemiddelde reproduksie-indeks van 102 van al die koeie ná die 2025-kalfseisoen, dui duidelik op die suksesvolle seleksie vir vrugbaarheid. Hulle gemiddelde koeidoeltreffendheidsindeks is 100. “Ons hou slegs sowat 30% van ons bulkalwers vir keuring as teelbulle. Die res word direk na speen verkoop. Die bulletjies wat die keuring slaag word op twee bulveilings verkoop: een op Boshoek en een in Vryburg.”

In Februarie hou hulle ’n vroulike-dier veiling waar al hul tien-jaar-oue koeie verkoop word, tesame met ’n seleksie van jonger drie-in-eens, dragtige verse en jong verse. – *Izak Hofmeyr*, *Plaas Medi*



# ***BBSG 2026 BELANGRIKE DATUMS***

| ***DATUM*** | ***LID*** | ***TIPE AKTIWITEIT*** |
|---|---|---|
| **07/05/2026** | **ANHALI BOERDERY - BOSHOEK BOVELDERS** | **BEESBOER VAN DIE JAAR BOEREDAG** |
| | | |
| **13/05/2026** | **ALS BOVELDERS** | **PRODUKSIEVEILING** |
| | | |
| **26/05/2026** | **UITDRAAI BOVELDERS** | **INLIGTINGSDAG** |
| | | |
| **27/05/2026** | **RIETVALLEI BOERDERY (BERTUS BURGERS)** | **BULVEILING** |
| | | |
| **28/05/2026** | **HIRSAW LIVESTOCK** | **BESIGTIGINGSDAG** |
| | | |
| **03/06/2026** | **HIRSAW LIVESTOCK & GASVERKOPERS** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |
| | | |
| **06/06/2026** | **WICAR BOERDERY BOVELDERS** | **BESIGTIGINGSDAG** |
| | | |
| **18/06/2026** | **WICAR BOERDERY BOVELDERS** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |
| | | |
| **23/06/2026** | **DASPOORT BOVELDERS (DERICK KUUN)** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |
| | | |
| **25/06/2026** | **FYVIE FARMING / MANDY FARMING** | **BESIGTIGINGSDAG** |
| | | |
| **02/07/2026** | **MANDY FARMING** | **BUL VEILING** |
| | | |
| **10/07/2026** | **BATTLEFIELD BOVELDERS** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |
| | | |
| **11/07/2026** | **DEALE BEEF & CHARFONTEIN** | **BESIGTIGINGSDAG** |
| | | |
| **17/07/2026** | **FYVIE FARMING** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |
| | | |
| **22/07/2026** | **DEALE BEEF & CHARFONTEIN** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |
| | | |
| **29/07/2026** | **BOSHOEK & MARITZ BOVELDERS** | **INLIGTINGSDAG** |
| | | |
| **04/08/2026** | **UITDRAAI BOVELDERS & GASVERKOPERS** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |
| | | |
| **07/08/2026** | **FS BULLS (FARMER SKEAD)** | **BUL VEILING** |
| | | |
| **12/08/2026** | **BOSHOEK & MARITZ BOVELDERS** | **BUL VEILING** |
| | | |
| **27/08/2026** | **BOSHOEK & MARITZ & MOLOPO** | **BUL & VROULIKE DIER VEILING** |

# SLOTGEDAGTES

Die Bovelder se krag lê in groepsverband en in meetbare prestasie en volhoubare genetiese vooruitgang. As oudste aktiewe bees-studiegroep in Suid-Afrika bly ons verbind tot die beginsels van funksionaliteit, dissipline en samewerking.

Met ’n groeiende ledetal en ’n genepoel van ongeveer 70 000 teelkoeie, is die toekoms van die Bovelder goed gevestig.